

**25 Maart**

**Skrifgedeelte: Genesis 45:1-28**

**Die wete dat God die kwaad ten goede laat meewerk, stel ons in staat om te vergewe**

Josef is diep geraak deur alles wat gebeur. Hy huil so hard dat dit tot in die farao se paleis gehoor word. Hy maak homself aan sy broers bekend, en hulle raak weer met mekaar versoen.

Wat die verhouding tussen Josef en sy broers herstel, is nie dat hulle hier wedersyds vir mekaar sê dat hulle jammer is nie. Wat die verhouding herstel, is die besef dat God alles wat gebeur het vir hulle ten goede laat meewerk het. Dit beteken dat Josef die kwaad wat hulle hom aangedoen het, nie meer as onreg ervaar nie.

As 'n mens hierdie groter visie het van 'n God wat selfs die kwaad tot voordeel van mense kan gebruik, kry die lewe weer sin. Dan glo jy dat die kwaad wat ander jou aandoen, teen die tyd dat dit by jou uitkom, reeds deur God onderskep is en in die goeie verander is. Dit is ook waar wanneer die "goed" wat hierdie leed vir jou inhou, nie op die oomblik – of selfs nooit! – vir jou duidelik word nie.

God het ook die kwaad wat Christus aangedoen is, gebruik om lewens te red, die lewe van elke gelowige kind van Hom. As ek hierdie geloof in my hart het, kan ek vergewe – ook waar vergifnis nie direk gevra word nie. Dan kan ek vergewe, soos ek vergewe is. Omdat ons met God lewe, kan ons ook dit wat uit die hand van ander na ons toe kom, ontvang as iets goeds. Dit is 'n geloofsdaad.

Sing: Psalm 25:5

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)